**Ja, die aarde sal gevul word met die kennis van die heerlikheid van die Here (OP262)**

**Habakuk 2:1-20**

**21 Junie 2026**

In ons bestudering van Habakuk het ons tot dusver gesien dat Habakuk geworstel het met al die onreg wat hy ervaar het onder die volk Juda. Hy het hierdie worsteling voor die Here gebring in gebed. Laaskeer het ons gesien dat die Here Habakuk geantwoord het. Die antwoord van die Here was dat Hy binnekort, nog tydens Habakuk se lewe, iets gaan doen – iets so groot dat Habakuk dit nie sou glo as dit nie was dat dit die Here self is wat dit beloof het nie. Wat die Here beloof het om te doen, was om die Galdeërs te stuur – 'n goddelose en vreesaanjaende nasie, wat oortuig is sy eie krag is sy god, en wat die beloofde land in besit sal neem, die volk as krygsgevangenes sal wegvoer, en die Judese koning bespotlik sal maak. Habakuk kon nie hierdie antwoord van die Here verstaan nie: Dit lyk of hierdie optrede van die Here bots met Sy karakter – immers is die Here die getroue Verbondsgod, en nou gaan die Galdeërs as't ware die verbondsbeloftes van die Here ongedaan maak. Hoe is dit moontlik dat die Heilige Here as't ware saam gaan werk met so 'n goddelose nasie teen Sy eie verbondsvolk? Nadat Habakuk sy bekommernis weer in gebed voor die Here gebring het, het ons in Hab 2:1 gesien dat Habakuk in sy wagpos stelling ingeneem het om die antwoord van die Here te hoor.

Vandag wil ek stilstaan by wat die Here Habakuk geantwoord het, soos wat dit in die res van hoofstuk 2 beskryf word. Hier is twee belangrike sake wat die Here aan Habakuk duidelik maak en waarvan ons kennis moet neem: (1) Die pad wat die Here beplan om te loop met die Galdeërs, en ook met die volk (v4), en (2) Die einddoel waarna die Here op pad is met al hierdie gebeure (v14). Soos wat ons hierdie twee sake begin begryp, begin ons ook antwoorde vind vir van daardie moeilike vrae wat ons laasweek gevra het: Is die Here werklik soewerein, en as Hy is, hoekom tree Hy juis op soos wat Hy hier opgetree het?

<u>Die pad wat die Here beplan om te loop met die Galdeërs, en ook met die volk</u>

Habakuk is in sy wagpos, terwyl hy angstig wag om te hoor hoekom die Here die onreg in Juda gaan aanspreek deur juis die Galdeërs te stuur, en ook om te hoor hoedat dit nie strydig is met die karakter van die Here nie. Lees Hab 2:2. Weereens sien ons dat die Here Habakuk antwoord. Die Here begin deur duidelik te maak dat die antwoord wat Hy vir Habakuk gaan gee, is nie net bedoel vir Habakuk nie. Nee, Habakuk moet die openbaring wat die Here vir hom gaan gee, neerskryf op kliptafels – die antwoord van die Here is dus geldig vir 'n lang tyd. Boonop moet hy dit so neerskryf dat mense dit maklik kan lees – die ESV vertaal dit deur te sê Habakuk moet dit so neerskryf "so that he may run who reads it" – dit moet dus maklik leesbaar wees, en ons kan verwag as iemand dit lees gaan dit hom aanspoor tot aksie.

Lees Hab 2:3. Nou lees ons dat die openbaring van die Here aan Habakuk 'n visioen is, en hierdie visioen het twee eienskappe: (1) Dit is 'n visioen wat nog wag om vervul te word. Dit sal op 'n spesifieke tyd vervul word, naamlik teen die einde – d.w.s. teen die einde van die tyd. Dit is die Here wat vasgestel het wanneer hierdie einde sal wees waartydens hierdie visioen in vervulling sal gaan – maar dit is iewers in die toekoms. Dit mag selfs nog lank neem voor dit realiseer – maar intussen moet Habakuk, en ook ons, geduldig wag op die vervulling. (2) Hierdie visioen sal nie teleurstel nie. Habakuk was teleurgestel oor die Here se antwoord dat Hy die Galdeërs sal stuur om die onreg in Juda aan te spreek – maar die Here beloof nou aan Habakuk dat hy nie hierdie keer weer teleurgesteld sal wees nie.

Lees Hab 2:4. Hier het ons die opsomming van die pad wat die Here beplan om te loop. Ons weet nou daar is 'n einddoel wat aan die einde van die tyd sal kom – ons sal later leer wat daardie einddoel is, maar nou bespreek die Here eers wat is die pad wat Hy gaan loop om by daardie einddoel uit te kom. Op pad na daardie einddoel sal dit duidelik wees dat die Here twee groepe mense onderskei: Die een groep mense is die mense wat nie opreg is nie, d.w.s. mense wat nie reg optree nie, oftewel mense wat nie regverdig is nie. Die ander groep mense is die wat wel opreg is, wat reg optree, wat regverdig is. En wat die Here aandui, is dat oppad na daardie einddoel sal dit duidelik word dat hierdie twee groepe mense verskillende ervarings sal hê: Die onregverdiges gaan wegkwyn, terwyl die regverdiges sal lewe. Ons leer selfs meer oor hoe die regverdiges sal lewe: hulle sal deur hulle betroubaarheid lewe – volgens die 2020 DAV. Die OAV, NIV en ESV vertaal dit met: Die regverdige sal deur sy geloof lewe. Die pad na die einde toe sal dus gekenmerk word deur die onregverdiges wat sal wegkwyn, terwyl die regverdiges sal lewe deur hulle geloof.

Hierdie vers is 'n baie belangrike vers in die boek Habakuk, en in die Bybel. Hierdie vers word drie maal in die Nuwe Testament aangehaal:

- Rom 1:17 – "Want daarin (d.i. in die evangelie) word geopenbaar dat die geregtigheid van God geheel en al op geloof berus, soos daar geskryf staan: 'Die regverdige op grond van geloof sal leef.'"
- Gal 3:11 – "En dat iemand op grond van die wet voor God geregverdig word nie, is duidelik, want 'Die regverdige op grond van geloof sal leef.'"
- Heb 10:37-38 – "My regverdige sal deur geloof leef. As hy hom egter sou onttrek, het Ek geen behae in hom nie"

As die Nuwe Testamentiese skrywers daardie belangrike leerstelling oor regverdiging deur geloof, en nie deur werke nie, in detail uitwerk, gryp hulle telkens terug na hierdie vers in Hab 2. Dit is hier i Hab 2:4 wat die Here ongeveer 600 jaar v.C. al aangedui het dat die regverdige deur die geloof sal lewe. Ja, dit is seker so dat dit nie op daardie stadium heeltemal so duidelik is watter geloof ter sprake was nie. Ons het die insig van die Nuwe Testament tot ons beskikking – daaruit weet ons dat dit geloof in die Here Jesus as die Christus is wat tot gevolg het dat hulle regverdig verklaar word, en dat hulle daarom die verwagting kan hê om te lewe – ons weet selfs dat daardie lewe die ewige lewe is. Daarteenoor, sê Hab 2:4, die ongelowiges, die ongeregverdigdes, die onopregtes kwyn weg. En dit is die perspektief wat die Here destyds aan Habakuk wou gee: As Habakuk wou sin maak oor hoekom die Here die Galdeërs sou stuur om die onreg in Juda aan te spreek, moet Habakuk verstaan daar is 'n einde wat kom. Maar op pad na daardie einde sal onopregtes gedurigdeur wegkwyn terwyl die regverdiges sal lewe deur geloof in die Here Jesus Christus (as ons dan die Nuwe Testamentiese perspektief hier mag byvoeg). Ons kan ook begin verstaan hoekom Habakuk dit moes neerskryf – want drie Nuwe Testamentiese boeke sou later hierdie vers in meer detail uitwerk.

Maar nou sou mens kon vra: Ja, goed, ons hoor. Maar hoe lyk dit in die praktyk? Wel, kom ons kyk hoe die Here dit verder beskryf in Hab 2:

- Lees Hab 2:5. Die "sterke" waarvan ons hier lees, is die Galdeërs. Immers het ons gesien hulle was vermetel, dit was hulle wat al die nasies onder hulle beheer wou versamel. Maar, sê die Here, hulle sal nie hulle doel bereik nie. Soos vers 4 sê – hulle sal wegkwyn.
- Lees Hab 2:6. Hier lees ons dat daar 'n tyd gaan kom dat ander 'n spotlied gaan sing oor die Galdeërs wat hulle wou verryk met goed wat nie aan hulle behoort het nie.
- Lees Hab 2:7. Daar gaan ander wees wat skielik gaan opstaan en rente van die Galdeërs eis, en die Galdeërs gaan beangs word. Sien jy dit? Die onopregtes, die onregverdiges kwyn weg.

- Lees Hab 2:8. Weereens, soos wat hulle ander nasies geplunder het, gaan hulle eventueel geplunder word – hulle kwyn weg.
- Lees Hab 2:9-11. Hier lees ons van verdere verval wat die Galdeërs kan verwag, weens hulle onregverdige wins en ander onreg wat hulle gepleeg het.

Lees Hab 2:13. Wat die Here aan Habakuk openbaar, is dat dit inderdaad Hy is wat die Galdeërs gaan stuur. En as hulle kom, gaan hulle verskriklike dinge doen – ook aan Juda, weens die onreg waaraan Juda skuldig is. Maar die Here openbaar nou ook aan Habakuk dat Hy dit ook beskik dat volke hulle afsloof en moeg maak – net om met niks te eindig nie. Dit sal ook eventueel waar wees van die Galdeërs. Ja, die Here stuur hulle. En al lyk dit of hulle groot sukses behaal, eventueel kwyn hulle weg, en hulle eindig met niks. Let op: die Here beskik dit dat hierdie volke hulle afsloof, maar ook dat hierdie volke later verstaan hulle het hulle afgesloof vir niks – want hulle kwyn weg, en ander volke kom doen aan hulle wat hulle vroeër aan ander gedoen het.

Lees Hab 2:15-16. Hier beskryf die Here hoe volke soos die Galdeërs hulle dikwels vergryp aan drank en allerlei seksuele misdade – maar dan tref die oordeel van die Here hulle, en hulle kwyn weg. Lees vers 17. Hierdie volke pleeg geweld en boesem vrees in – maar eventueel is dit hulle wat geweld beleef en beangs word. Lees Hab 2:18-19. Onthou hoe ons laasweek gesien het dat die Galdeërs hulle eie krag gesien het as hulle god, hoe hulle as’t ware offers gebring het aan hulle vangnette en hoeke waarmee hulle nasies gevang het. Maar eventueel sal hulle tot die besef kom hierdie gode is nietige afgodsbeelde, wat nie eens lewensasem in hulle het nie. Selfs al trek hulle hierdie gode oor met silwer en goud, is hulle dood en nutteloos. Dit is ‘n les wat die Galdeërs, en ander onopregtes soos hulle, moet leer. En so kwyn hulle weg.

Let nou op die volgende: Tydens die lewe van Habakuk was die Assiriërs die wêreldmag – hulle het alreeds die noordelike tien stamme in ballingskap weggevoer. Nou beloof die Here die Galdeërs, oftewel die Babiloniërs, gaan kom – hulle is die volgende wêreldmag wat later die Assiriërs oorwin het. Maar gaan lees in die boek Daniël hoedat die Galdeërs later op hulle beurt ook oorwin sou word deur die volgende wêreldmag – die Mediërs en Perse. En eventueel sou die Mediërs en die Perse vervang word met die Grieke. En na die Grieke, teen die tyd van die koms van die Here Jesus, was dit die Romeine. Hierdie wêreldmoondhede kom, en dan kwyn hulle weg – soos wat vers 4 sê. Hierdie proses gaan steeds voort. Dink aan die meer onlangse geskiedenis: Op ‘n stadium was dit Europa wat die wêreld wou koloniseer – maar op ‘n stadium het hierdie ambisie weggekwyn. As jy 10 jaar terug gevra het wie is tans die wêreldmag, sou ons waarskynlik almal geantwoord het: “Amerika”, maar vandag is daar ‘n debat aan die gang of dit steeds die geval is: Immers luister Putin nie na Trump nie, so ook nie Iran nie. En die optrede van die Amerikaanse regering maak dit duidelik dat hulle bekommerd is China is besig om oor te neem as wêreldmoondheid. Vers 13 sê dit is die Here wat beskik dat nasies of volke hulle afsloof, dat hulle oortuig word hulle krag is hulle god, dat hulle in beheer is. Maar met verloop van tyd kwyn hulle weg. En as hulle met hulleself heeltemal eerlik is, moet hulle erken hulle het hulle moeg gemaak vir niks, vir iets wat net later in rook opgaan.

Ek was op ‘n stadium by ‘n bestuurskursus in Europa, en daar was twee Franse navorsers wat met ons kom praat het. Ek is oortuig hierdie twee persone was ongelowiges – hulle hele optrede het dit duidelik gemaak. Maar die onderwerp waaroor hulle gepraat het is presies hierdie punt: Eventueel kwyn almal weg. Hulle het gewys dit geld vir wêreldmoondhede, dit geld vir besighede, dit geld selfs vir individue wat roem verwerf. Die wêreldgeskiedenis wys dit, selfs ongelowige navorsers sien dit. Dit moet ons nie verbaas nie: Die Here het destyds al vir Habakuk gesê dit is wat gaan gebeur op pad na die einde toe. Hy beskik dit.

Maar daar is nog 'n lyn wat deur die wêreldgeskiedenis loop op pad na die einde toe. En dit is dat die regverdiges deur geloof sal lewe. Dit was alreeds waar in die jaar 600 v.C. – dit is wat die Here aan Habakuk geopenbaar het. Dit was waar toe die Here Jesus aarde toe gekom het – Hy het dit geleer. Dit was waar toe Paulus aan die Romeine en die Galasiërs geskryf het. Hy kon dit in detail uitwerk in sy briewe aan hierdie gemeentes. Die Hebreërskrywer het hierby aangesluit. As jy die geskiedenis van die Hervorming in die 16de eeu gaan lees, vind jy dat dit juis die inhoud van Hab 2:4 is, soos wat Paulus dit in Rom 1:17 gebruik, waarmee Martin Luther geworstel het, en dit was toe hy dit behoorlik begryp het, dat hy opgestaan het en sy rol gespeel het wat gelei het tot die hervorming. Hierdie waarheid loop deur die eeue heen. Ja, individuele gelowiges kom en gaan, maar omdat hulle in die Here Jesus glo, lewe hulle. Selfs as hulle sterf, dan leef hulle steeds. Openbaring 7 vertel vir ons van die 144 000 gelowiges wat afkomstig is uit elke nasie, stam, volk en taal, en wat in die hemel bymekaarkom voor die troon van die Lam. Hulle lewe steeds.

Wat ons dus moet raaksien, is dat die Here aan Habakuk bekend gemaak het dat daar twee strominge is wat sal plaasvind op pad na die einde toe: Die onregverdiges, wat dink hulle eie krag is hulle god, sal kom en weer wegkwyn – en in die proses sal hulle verstaan hulle het hulle afgesloof vir niks. Daarteenoor sal die regverdiges wat glo in die Here Jesus ook kom en gaan – maar hulle sal leef, selfs al sterf hulle. Dit is die Here wat beide hierdie strominge beskik. En as ons sin wil maak uit wat in die wêreld gebeur sal ons hierdie twee strominge in gedagte moet hou.

<u>Die einddoel waarna die Here op pad is met al hierdie gebeure</u>

Onthou nou wat ons tot dusver gesien het: Habakuk worstel oor hoekom die Here, die Verbondsgod, die wrede Galdeërs gaan stuur om die onreg in Juda, wat die verbondsvolk is, aan te spreek. Verder worstel hy daarmee of dit nie in konflik is met die karakter van die Here nie. Ons het nou al gesien dat die Here aan Habakuk verduidelik het om dit te verstaan moet Habakuk, en dus ook ons, verstaan daar is 'n einde waarna alles besig is om op te bou. Daardie einde mag selfs lank neem om te realiseer. Maar daardie einde kom definitief. Habakuk, en ons, moet leer om te wag op die koms van daardie einde. Intussen, op pad na daardie einde is daar twee hoofstroom gebeure: Onregverdiges gaan kom, en dan weer wegkwyn. In parallel hiermee, gaan regverdiges kom en gaan, maar hulle gaan lewe deur geloof in die Here Jesus, selfs al sterf hulle.

Maar nou is daar nog iets waarvan Habakuk, en ons, moet kennis neem – en dit is: Wat is die Here se einddoel met dit alles? Waarheen is dit alles op pad? Wat is dit wat die Here wil bewerk? Hoe dra hierdie twee hoofstrome by tot die bereiking van hierdie doel?

Lees Hab 2:14. Hier is die einddoel waarheen die Here besig is om te werk: Ja, die aarde sal gevul word met die kennis van die heerlikheid van die Here, soos wat die water die see oordek. Let op: Die aarde moet gevul word. Waarmee moet die aarde gevul word? Met kennis. Met watter kennis moet die aarde gevul word? Met die kennis van die heerlikheid van die Here. Let op: die aarde moet gevul word met die kennis van die heerlikheid van die <u>Here</u> – m.a.w. met die kennis van die heerlikheid van die Verbondsgod. Tot watter mate moet die aarde gevul word met hierdie kennis? Die hele aarde moet hiermee gevul word – soos wat water die hele see vul.

Soos Hab 2:4 belangrik is om die handelinge van die Here te begryp, netso is Hab 2:14 ook kardinaal belangrik om die handelinge van die Here te begryp. Maar soos Hab 2:4 herhaalde male in die Bybel na vore kom, so kom Hab 2:14 ook herhaalde male vore:

- Destyds toe ons Gen 1 en 2 bestudeer het, het ons opgemerk dat daar in hierdie hoofstukke telkens 'n doelmatigheid is wat na vore kom: die son, maan en sterre het 'n doel, die voëls en die visse en die diere het 'n doel, die plante het 'n doel, en veral die mens as die kroon

van God se skepping het 'n besondere doel. Dit alles het ons destyds die vraag laat vra: Maar wat is dan die oorkoepelende doel? Ek het destyds Ps 72:19 gebruik om die oorkoepelende doel te beskryf. Dit sê: "Sy luisterryke Naam moet vir ewig geprys word; mag Sy heerlikheid die hele aarde vul. Amen, amen." Ek glo jy hoor die ooreenstemming met wat die Here nou aan Habakuk leer: Die kennis van die heerlikheid van die Here moet die aarde vul.

- Blaai saam met my na Jes 11. Lees vers 1. Wel, ons verstaan dat die takkie wat sal spruit uit die stomp van Isai verwys na die Here Jesus wat uit Dawid se nageslag sou kom. Lees vers 2. Wanneer die Here Jesus kom, sal die Heilige Gees op Hom rus. Lees verse 3-5. Die Here Jesus gaan kom as Regter. Hy gaan kom as 'n regverdige Regter. Hy sal deeglik oordeel oor die armes en die magteloses, maar Hy sal ook die goddeloses doodmaak. Ons begin iets sien van die twee strominge: Die Here Jesus gaan as Regter onderskeid maak tussen die onregverdiges en die regverdiges. En waarheen is dit alles op pad? Lees verse 6-9. Die einddoel is dat die land vol sal wees van die kennis van die Here, soos water die see bedek – soos wat die Here ook aan Habakuk duidelik gemaak het.

Kom ons gaan kyk wat Openbaring ons leer oor die einde van die tyd. In Op 18 lees ons van die val van Babilon. Onthou nou, die Here het aan Habakuk beloof die Galdeërs gaan kom – die Galdeërs is die Babiloniërs. Maar die Here het verduidelik hulle sal wegkwyn. In die Bybel word Babilonië die simbool van die onregverdiges – al die mense wat dink hulle eie krag is hulle god. Wel, in Op 18 lees ons wat met hulle gaan gebeur in die einde. "Geval, geval het Babilon die Grote" (Op 18:2), "Wee, wee jou, groot stad, Babilon, magtige stad, binne 'n oomblik het jou oordeel aangebreek!" (Op 18:10), "Wee, wee jou, groot stad, deur wie se skatte almal wat skepe op see besit, ryk geword het. Want binne 'n oomblik is sy uitgewis" (Op 18:19), "Net so, met geweld, sal die groot stad Babilon neergegooi word, en sy sal nooit weer gevind word nie" (Op 18:21). Dit beskryf die einde van die een hoofstroom: Babilon, saam met die konings van die aarde, saam met die handelaars, saam met die seemanne, word saam met die duiwel in die poel van vuur gegooi. Hulle sal dan besef hulle het hulle afgesloof vir niks. Hulle het nie in die Here Jesus geglo nie. Hulle het in hulle eie krag geglo. Die verstommende is egter dat hulle wel sal besef dat hulle vertroue in hulle eie krag misplaas was. Onthou wat ons lees in Fil 2:10-11: "sodat in die Naam van Jesus elke knie sal buig – van diegene in die hemel en op die aarde en onder die aarde – en elke tong sal bely 'Jesus Christus is die Here!' tot eer van God die Vader!" Sien jy dit? Almal, diegene in die hemel en op die aarde en onder die aarde, sal bely Jesus Christus is die Here tot eer van die Vader. Selfs die grootste ongelowige sal teen die einde moet erken hy weet Jesus Christus is die Here, en dit sal wees tot eer van die Here. Ja, hierdie ongelowiges sal nie in die Here Jesus glo nie, maar hulle sal moet erken Hy is die Here. Sien jy die ooreenkoms met wat die Here vir Habakuk gesê het? Die hele aarde sal gevul word met die kennis van die heerlikheid van die Here. Wel, aan die einde, sal selfs die gevalle Babilon weet, hulle sal die kennis hê, hulle sal moet erken Jesus Christus is die Here, hulle sal die heerlikheid van die Here moet erken. Dit is die uiteinde van daardie een hoofstroom: Die onregverdiges sal eventueel finaal wegkwyn, maar nie voor hulle sal erken nie: Die Here Jesus Christus is die Here, tot eer van die Vader.

Maar wat sal die uiteinde wees van die ander hoofstroom – die regverdiges wat deur hulle geloof sal lewe. In Op 19 lees ons van hulle uiteinde. Hulle is teen daardie tyd 'n groot skare in die hemel. En hulle jubel. In Op 19 lees ons van die vier Hallelujas – en die vier Hallelujas gee vir ons insig waaroor hierdie regverdiges gaan jubel: "Halleluja! Die verlossing, die heerlikheid en die krag behoort aan ons God! Waar en regverdig is Sy oordele, want Hy het die groot prostituut veroordeel, sy wat die aarde met haar hoerery verlei het, en Hy het die bloed van sy diensknegte wat deur haar hand omgekom het, gewreek" (Op 19:1-2), "Halleluja! Haar rook styg op vir ewig en ewig" (Op 19:3), "Amen, Halleluja!" (Op 19:4), "Halleluja, Die Here, ons God, die Almagtige, het Sy koningskap opgeneem.

Laat ons bly wees en jubel, en aan Hom die heerlikheid gee, want die bruilofsfees van die Lam het aangebreek" (Op 19:6-7). Hoor jy waaroor sing die regverdiges? Hulle sing oor hulle verlossing. Hulle verlossing was juis die inhoud was van die verbond wat die Verbondsgod met hulle opgerig het. Habakuk het gewonder of die Here Sy verbondsbeloftes vergeet het. Nee, aan die einde is dit juis oor die vervulling van die Here se verbondsbeloftes wat die regverdiges jubel! Hulle sing ook oor die ondergang van Babilon – wat die Here bewerk het. Habakuk was bekommerd of die Here dan saam met die Galdeërs gaan werk. Nee – Hy is die Een wat hulle gaan vernietig, maar eers na hulle tot die besef gekom het Hy is die een wat heerlikheid waardig is. Sien jy dit? Almal moet oortuig word van die heerlikheid van die Here. Ja, die onregverdiges sal Hom nie wil verheerlik nie – maar hulle sal weet hulle moes dit gedoen het, hulle sal kennis hê van Sy heerlikheid, en dat Hy waardig is om geëer te word. Die regverdiges, daarenteen, sal Hom wel verheerlik, omdat hulle oortuig is en dit selfs beleef het, dat Hy waardig is om verheerlik te word. Die onregverdiges gaan dan die ewige dood in. Maar die regverdiges daal as die nuwe Jerusalem uit die hemel na die aarde neer. En so word die einde bereik: Die hele aarde is gevul met die kennis van die heerlikheid van die Here!

Maar nou is daar tog nog 'n punt waarvan ons moet kennis neem. Ja, daar is twee hoofstrome: Die onregverdiges wat wegkwyn, en ook finaal sal wegkwyn, wetende Jesus Christus is die Here. En daar is die regverdiges, wat glo in die Here Jesus, en wat sal leef, ewig sal leef, en wat uit hulle persoonlike ervarings oortuig sal wees van die heerlikheid van die Here, en wat aan die einde die nuwe aarde sal vul. Maar die Here maak ook aan Habakuk bekend hierdie twee hoofstrome is nie onafhanklik van mekaar op pad na die einde nie. Nee, as die verbondsvolk vol onreg word stuur die Here die Galdeërs om met hulle te werk. En let op wat hulle dan doen: hulle voer die volk in ballingskap, hulle neem die land in, hulle spot met die Judese konings – hulle konfronteer die volk met die feit dat die volk die verbondsbeloftes kan verloor. Dit was juis wat Habakuk so ontstel het. Maar wat die Here nou aan Habakuk verduidelik is: Sy verbondsbeloftes sal vervul word. Dit mag wees dat sommiges onder die indruk was dat hulle deel van die verbondsvolk was, maar nooit werklik was nie. En hulle gaan gekonfronteer word – deur die Here deur die Galdeërs. En dan kan hulle of tot geloof kom, en leef. Of hulle kan deel word van die hoofstroom wat gaan wegkwyn. Hulle gaan of leer dat die Here die getroue Verbondsgod is wat vir hulle in die Here Jesus verlossing bewerk het. Of hulle gaan hulle rug op Hom draai, hulle afsloof in diens van hulle eie gode, en tog op die ou end, aan die einde, besef hulle was verkeerd: Jesus Christus is inderdaad werklik die Here. En wat Habakuk en ons moet verstaan, is: Die Here gebruik die Galdeërs, selfs sonder dat die Galdeërs bewus is hulle word deur die Here gebruik. Hulle is 'n instrument wat die Here gebruik om Sy verbondskinders te konfronteer. Dit beteken nie die Here tree in stryd met Sy karakter of met Sy verbondsbeloftes op nie. Dit beteken nie Hy is kop in een mus met die Galdeërs nie. Hy gebruik hulle om Sy verbondsbeloftes waar te maak vir Sy ware verbondskinders deur hulle te konfronteer. So dra die Galdeërs by tot die groeiende besef die aarde sal gevul word met die kennis van die heerlikheid van die Here. En, ja, op die ou end sal selfs die Galdeërs ook moet erken Jesus Christus is die Here – en selfs hulle kennis sal daartoe bydra dat die kennis van die heerlikheid van die Here die hele aarde sal vul.

Laasweek het ons die vraag gevra: Is die Here werklik soewerein? Is Hy in beheer van alles? En nou kan ons antwoord met 'n definitiewe "Ja!" Ons mag dalk van tyd tot tyd sukkel om alles wat gebeur te versoen met die soewereiniteit van die Here. Maar dan moet ons onthou: daar is twee hoofstrome. En die Here werk met albei. En van tyd tot tyd gebruik Hy selfs die onregverdiges om met die regverdiges te werk. En in die proses leer almal, of hulle dit wil erken of nie, die heerlikheid van die Here ken. En so word die aarde gevul met die kennis van die heerlikheid van die Here.

Kom ons maak dit prakties vir ons situasie in die jaar 2026: Ons beleef ‘n magstryd in die wêreld – verskillende lande probeer hulle mag demonstreer om aan te dui wie is die magtigste. Nie altyd is die maniere wat hulle gebruik verdedigbaar nie. Baie mense ly swaar hieronder. En ons wil vra: Is die Here in beheer hiervan? In ons land gaan dit maar beroerd. Korrupsie en geweld en misdaad is aan die orde van die dag. En ons wil vra: Is die Here in beheer hiervan? Baie kerke krimp in getalle. Die kennis en vertroue van baie kerkmense word al hoe vlakker, hulle wil net die Here gebruik om hulle kort termyn behoeftes aan te spreek – en liefs moet dit aangespreek word op ‘n manier sodat hulle in hierdie lewe gelukkig en suksesvol sal wees. Maar dit strook nie met die Here se einddoel nie – Sy einddoel is dat die aarde gevul sal wees met die kennis van Sy heerlikheid. Sy einddoel is dat ten minste die wat gelowig is, gevul sal word met veral ‘n waardering vir Sy verbondsbeloftes en hoe hulle as gelowiges deel geword het daarvan en hoe hulle in ewigheid Sy heerlikheid sal besing oor hulle verlossing en die erfenis wat hulle ontvang – kortom hulle sal die heerlikheid van die Here besing. Maar selfs ongelowiges sal ook eventueel moet erken: hulle eie gode is nutteloos, en net die Here is werklik heerlik. Wat Habakuk ons leer is dat al hierdie dinge verwant is aan mekaar. Ek is oortuig: Omdat die kerk van ons tyd lyk soos wat dit lyk, daarom lyk ons land soos wat dit lyk, en daarom lyk die wêreld soos wat dit lyk. Die Here is besig om Galdeërs na die kerk te stuur. Hy is besig om ons te konfronteer: Is ons oortuig ons grootste behoefte is die vervulling van Sy verbondsbeloftes? As ons is, sal ons bly glo, en sal ons lewe. As ons nie is nie, en ons nie tot Hom bekeer nie, sal ons wegkwyn – en aan die einde finaal verlore gaan, terwyl ons dan sal weet en sal moet erken dat Jesus Christus werklik die Here is, maar dit sal te laat wees om in Hom te glo. Ons sal wegkwyn saam met die magtige wêreldmoondhede. Die aarde sal steeds gevul word met die kennis van die heerlikheid van die Here, maar ons sal voorwerpe wees wat die toorn van die Here beleef.

Hab 2 sluit af in vers 20 met die woorde: “Maar die Here is in Sy heilige tempel – wees stil voor Hom, o ganse aarde!” Ons wil so maklik opstandig word as die Here in ons tyd dinge laat gebeur wat vir ons ongerieflik is. Ons behoort eerder stil te word, en ons behoort ons eerder in te span om te verstaan hoe die Here werk, en waarheen Hy besig is om te werk. Dan sal ons ook leer om stil te word voor Hom, en om Hom te erken as die soewereine Here, wat presies weet hoe Hy Sy einddoel sal bereik.